## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 1465** **02 DESEMBER 2016**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
### WYSIGING VAN BYLAE NO. 5 (NO. 5/3/110)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 3 van Bylae No. 5 by bogenoemde Wet hiermee gewysig**, met ingang vanaf 1 Januarie 2017,** in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die skrapping van die volgende:**

| Teruggawe Item | Tariefpos | Kode | TS | Beskrywing | Mate van Terugbetaling |
|---|---|---|---|---|---|
| 536.00 | 00.00 | 01.00 | 00 | Motorvoertuigkomponente, soos omskryf in Opmerking 8 by Hoofstuk 98, waarop reg betaal is en wat aan 'n motorvoertuigvervaardiger verskaf is vir gebruik as oorspronklike toerustingkomponente, soos omskryf in Opmerking 3 by Hoofstuk 98, in die vervaardiging van gespesifiseerde motorvoertuie soos omskryf in Opmerking 7 by kortingitem 317.04 en wat in oorspronklike toerustingkomponente geïnkorporeer is en wat aan motorvoertuigvervaardigers verskaf is, mits:<br><br>(i) sodanige komponentvervaardiger of verskaffer bewyse kan voorlê deur middel van afdrukke van lyste van materiale wat die werklike aantal ingevoerde motorvoertuigkomponente aandui wat in die vervaardiging van 'n spesifieke oorspronklike toerustingkomponent wat verskaf is, gebruik is;<br><br>(ii) bewys voorgelê word van die hoeveelheid van elke oorspronklike toerustingkomponent wat aan 'n motorvoertuigvervaardiger verskaf is, gestaaf deur 'n staat van die motorvoertuigvervaardiger aan wie sodanige komponente verskaf is, met spesifieke verwysing na die onderdeelnommer, beskrywing en hoeveelheid ontvang;<br><br>(iii) die verklaring deur die motorvoertuigvervaardiger deur 'n doeane- en aksynsbeampte gesertifiseer is; en<br><br>(iv) die buitelandse valuta gebruik, soos omskryf in Opmerking 18 by kortingitem 317.04, van sodanige motorvoertuigkomponente op vorm DA190 geklaar is as ingevoerde komponente. | Volle reg |